St. Hilarius van Arles

5 Mei

(c.400-449)

Gebore uit ‘n familie in die noorde van die destydse Gallië (moderne Frankryk), word hy ’n monnik in die klooster van Lérins en volg hy die heilige Honoratus in die jaar 429 op as biskop van Arles. Die jong biskop bewys homself gou as ’n uitstekende sieleherder wat veral belanggestel het om persoonlike vriendskappe met alle gelowiges in sy bisdom te sluit. Hy roep ’n paar belangrike plaaslike Kerk konsilies byeen, o.a. by Orange (441) en Vaison (442), waar daar noemenswaardige besluite oor priesterlike dissipline geneem word. Ongelukkig raak hy in ’n geskil betrokke met pous Leo I toe hy sy biskoplike gesag oorskry het deur die biskop van Besançon van sy setel te ontneem. Beide die pous en biskop Hilarius hanteer egter hulle verskille op egte Christelike en broederlike wyse en gou is hulle weer met mekaar versoen. Sy ywer vir die Evangelie en die voorbeeld van sy lewe en geloof het van hom ’n rolmodel gemaak van hoe ’n biskop oor sy kudde moet waak.

© Die Oratorium Uitgewery